

**31 Mei**

**Kolossense 3:1-17 (1:3)**

***'n Hemelvaart vir elke gelowige***

Die "eendag" van ons dood is dalk nie so ver nie. Dan is dit 'n hemelvaart vir die gelowiges en 'n hellevaart vir die ongelowiges. Reikhalsende verlange na die hemel? 'n Begeerte wat u nastrewe? 'n Vurige hoop wat u die tyd laat ombid? Of dalk ook net "a pie in the sky when you die", net maar 'n mite, maar geen feite nie? Die Bybel ken drie "hemele": Die wolkehemel, die sterrehemel en die woonplek van God, genoem "hemel". Sowel die Hebreeus (OT) en Grieks (NT) verwys met "hemel" na "die hoogte" of "dit wat bo is" - dus die verhewe woonplek van God. Dit is waarheen Jesus opvaar en waar sy menslike liggaam met die kruismerke Hom voortdurend aan ons herinner, waar Hy vir ons voorspraak doen, plek gereed maak in die Vaderhuis.

Die begrip "hemel" kan net vir gelowiges betekenis dra wat deur die Here Jesus op die weg (pad) tussen die aarde en hemel geplaas is en deur die Heilige Gees op daardie pad begelei word. Vir alle ander is hul lewens reeds 'n hellevaart. Wie nou reeds die dinge daarbo, God se dinge, die hemelse, soek en bedink, kan verseker wees dat God se woonplek ook jou ewige tuiste sal word. Hoe mooi, hoe aantreklik, begeerlik is die hemel nie - werklikwaar verreweg die beste! Daar's soveel meer om te soek, te bedink die aardse, sonde, dood en hel. Daar's die hemel! "Hoe begeer my siel en hunker van verlange om na Gods woning op te gaan en in sy tempelpoort te staan met jubelende lofgesange..".

Sing: Psalm 84:1,2

Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)